



Barley trials Rûens 2025

30 Years since release of the first South African barley variety

Source: Landbouweekblad, 24 May 1996

KLEINGRAAN

deur HUGO LOCHNER

Die eerste Suid-Afrikaanse geteelde moutgarskultivar is pas bekend gestel. Hierdie kultivar het 'n goeie moutgehalte, weerstand teen blaarvlek en toon 'n beter opbrengs en vetkorrelpersentasie as die kultivar wat nou algemeen verbou word.

Foto's: F. Potgieter, Sensako

Die plaaslik geteelde moutgarskultivar, SSG 525, is plekkegebonden en sal nie oor die hele Suid-Kaap verbou kan word nie. Dit word tans vir die droër rooigrondgebiede van Bredasdorp aanbeveel. Op plase waar boere 'n probleem met 'n te hoë korrelstikstofpersentasie het, sal dit ook geplant kan word.

Mnr. Francois Potgieter, gars-teler van Sensako op Napier, sê die bekendstelling van die nuwe kultivar is goeie nuus vir moutgarsprodusente, want hulle was die afgelope 20 jaar hoofsaaklik op Clipper, 'n Australiese kultivar, aangewese.

Twee ander kultivars, Stirling en Schooner, is onderskeidelik in 1987 en 1989 bekend gestel uit Sensako se program waarin moutgarskultivars van oor die wêreld plaaslik geëvalueer word. Nie een van die twee kon egter 'n beduidende vasdrapping in die mark kry nie sodat Clipper vandag steeds 'n marktaandeel van 95 % het.

Aanvanklike kruisings

Die plaaslike bedryf kan hom nie onbepaald op oorsese kultivars verlaat nie, hoofsaaklik omdat hulle nie goed by plaaslike toestande aanpas is nie.

Dr. Bart Lombard, navorsingsbestuurder, lentrekking van Sensako, het die aanvanklike kruisings van die nuwe kultivar gedoen. Die finale seleksie en evaluering is deur mnr. Potgieter gedoen.


Voor dit vanjaar bekend gestel is, het Sensako, die betrokke koöperasies, SA Malsters en SA Brouery 'n deeglike kommersiële evaluering van die nuwe kultivar gedoen ten opsigte van agronomiese en gehalte-eienskappe.

Proef- en kommersiële aanplantings het gewys dat die kul-

Profielbeskrywing van SSG 525 en Clipper.

Eienskap	SSG 525	Clipper
Strooilenigte	Medium	Medium
Strooiertek	Medium	Medium
Dae tot aar	112	112
Weerstand teen:		
Blaarvlek	Goed	Geen
Netvlek	Geen	Matig
Blaaroes	Geen	Geen

Relatiewe prestasie van SSG 525 teenoor Clipper in die bedieningsgebied van die Bredasdorp-Napierse Koöperasie, 1990 tot 1995.



Lokalisering: Napier, Klipdalen, Bredasdorp

tivar veral in die droër rooigrond van die Bredasdorp-Napierse Koöperasie (BNK) se bedieningsgebied goed sal vaar.

Volgens proefresultate oor die jare heen in dié gebied was die kultivar se opbrengs 5,2 % en vetkorrelpersentasie 6,2 hoër as dié van Clipper (kyk figuur). Die gemiddelde korrelstikstofpersentasie was 0,9 laer as dié van Clipper, wat 'n gunstige gehalte-eienskap is vir die produksiegebiede wat soms neig om gars met te veel korrelstikstof te lewer.

Anders agnomiesse eienskappe soos groeityperk en strooilenigte is dieselfde as dié van Clipper (kyk tabel). Die moutgehalte van albei kultivars is ook

SA KRY EIE

PROEFAANPLANTINGS van SSG 525 in 1991. Sekere aanpassings in stikstof- en siektebeheerbestuur sal gedoen moet word om die kultivar se genetiese potensiaal ten volle te benut.



naal laer as dié van Clipper. Dit bied veral moontlikhede in gebiede wat na te veel stikstof neig. Hoewel die kultivar aanvanklik vir die BNK-gebied geteel is, sal sekere boere in die Swellendam-gebied wat met te veel korrelstikstof sukkel, ook die nuwe kultivar kan plant.

Val laat om

Mnr. Carstens sê hulle is nog in 'n leertydperk met die nuwe kultivar. Hy dink nie hulle het al die volle potensiaal van die kultivar in die veld bereik nie. Sekere lokaliteitsbehoefte, swam-beheer en stikstof-toediening is knelpunte wat nog aandag moet kry.

Die kultivar is ook geneig om in 'n baie laat stadium om te val, maar dit kan met die korrekte stikstofstrategie reggestel word.

Mnr. Potgieter sê om die kultivar met welslae te verbou en sy genetiese potensiaal maksimaal te benut, sal sekere aanpassings

MOUTGARSKULTIVAR

veral ten opsigte van stikstof- en siektebeheerbestuur gedoen moet word.

Ondervinding wat tot dusver in die praktyk opgedoen is, toon dat stikstofbestuur by SSG 525 en Clipper verskil. Veral in die hoëpotensiaal-gebiede word meer as een stikstof-toediening aanbeveel.

Goeie weerstand

Hierdie toedienings moet ook in ander groeistadiums gedoen word as wat vir Clipper aanbeveel word. Dit lyk tans of minder stikstof in die begin toediening moet word en meer later in die seisoen, terwyl Clipper die meeste stikstof in die begin kry en minder later.

Die nuwe kultivar het, in teenstelling met Clipper, baie goeie weerstand teen blaarvlek (*Rhynchosporium secalis*), maar is baie vatbaar vir van die netvlek-tipe van swamme. Clipper bied in 'n mate weerstand teen die kol-

vlek-tipe van patogeen (*Pyrenophora teres* f. sp. *maculata*). Albei kultivars is vatbaar vir blaaroes (*Puccinia hordei*).

In die afgelope drie tot vier jaar was daar in die Suid-Kaap 'n verskuiwing in die siektebeeld van gars. Blaarvlek het minder voorgekom, terwyl netvlek, ondanks die weerstand in Clipper, toegeneem het.

Aanvanklik is vermoed dat netvlek nie 'n groot invloed op die prestasie van gars het nie. Ondervinding wat die afgelope twee seisoene in die praktyk opgedoen is en wat deur navorsingsresultate van dr. Alwyn van Jaarsveld, 'n plantsiëktkundige van Sensako, bevestig is, het die teendeel bewys.

Minder swamdoder

Daar word nou aanvaar dat netvlek wel 'n beduidende invloed op gars se opbrengs- en gehalteprestasie het en daarom doeltreffend in bedwang gehou moet word.

Omdat Clipper 'n matige weerstand teen netvlek het, word swamdoderkonsentrasies vir die beheer van blaarvlek verminder om koste te verlaag. Die lae konsentrasies was doeltreffend teen blaarvlek, maar dit het nie die netvlekswam goed genoeg in toom gehou nie, wat tot 'n toename in die voorkoms van dié swam gelei het. Toedienings-tye was ook net op die beheer van blaarvlek gemik.

Dr. Van Jaarsveld sê dit is belangrik om te onthou dat die hoeveelheid swamdoder wat blaarvlek beheer, nie noodwendig doeltreffend teen netvlek ingespan kan word nie.

Die netvlekswam is 'n meer "geharde" tipe van swam. Dit kan in saad oorgedra word en oorleef baie goed op stoppels. Bewaringsbewerking in 'n monokultuurstelel het 'n groot bydrae gelewer tot die opbou van hierdie siekte.

Chemiese beheer van netvlek moet daarop gerig wees om die plant skoon te hou en nie om die plant gesond te maak nie. Die rede hiervoor is dat chemiese swammiddels nie dieselfde uitwissende effek op die swam in netvlekstelsels het as wat dit op die swam in blaarvlekstelsels het nie.

Geskikte spuittyd


Vir goeie beheer van netvlek moet eerder voorkomend gesproei word, sodat met so min moontlik besmetting begin word. Met die huidige bewerkingspraktyke is dit net moontlik deur die netvlekswam vroeg in die seisoen 'n uitklophou met 'n volle dosis van die gekose swammiddel toe te dien.

Dit is nog moeilik om die prestasie stadium voor te skryf, maar dit wil voorkom of sewe weke ná saai 'n algemeen geskikte spuittyd sal wees, sê dr. Van Jaarsveld.


Localities: Rûens

Locality	Plant date	Harvested	CV	Comment
CALEDON	22 May 2025	Yes	15.24	Excluded
GREYTON	23 May 2025	Yes	7.61	Included
RIETPOEL	30 April 2025	Yes	5.92	Included
TYGERHOEK	15 May 2025	Yes	8.18	Included
NAPIER	30 April 2025	Yes	9.52	Included
BREDASDORP	9 May 2025	Yes	5.99	Included
KLIPDALE	12 May 2025	Yes	13.18	Excluded
PROTEM	7 May 2025	No	-	Excluded
NAPKEI	22 April 2025	No	-	Excluded
SWELLENDAM	7 May 2025	Yes	5.58	Included
HEIDELBERG	14 May 2025	Yes	7.56	Included
H/B VLAKTE	23 April 2025	Yes	10.60	Included


Western Rûens 2025 PCT Yield



Southern Rûens 2025 PCT Yield



Eastern Rûens 2025 PCT Yield



Combined Rûens 2025 PCT Yield

